



Verwysing: 20170515-888
4/4/5/2/2
Navrae: HA Mouton

Finansiëlerekeningkundeminuut: 0005/2017

Aan: Alle WKOD-werknemers

Onderwerp: Inkomstebelastingstifikate (IRP 5/IT 3(a))

1. Belastingstifikate vir die vorige belastingjaar (Maart tot Februarie) word jaarliks in Junie gedruk en dan na die onderskeie betaalpunte vir uitreiking aan die toepaslike werknemers versprei.
2. Die betaalmeesters by die onderskeie betaalpunte moet die belastingstifikate aan die toepaslike werknemers oorhandig. Werknemers moet die meegaande kontroleblad by ontvangs van die belastingstifikaat teken.
3. Stifikate van werknemers wat nie meer in diens by dieselfde betaalpunt is nie, moet na die nuwe betaalpunt of hul huisadres gestuur word. Andersins moet dit saam met die kontroleblad na Hoofkantoor teruggestuur word (adres hieronder). In al sodanige gevalle, moet die betaalmeester die status van hierdie belastingstifikate op die kontroleblad aandui.
4. Vir oudit- en optekendoeleindes moet die kontroleblad so spoedig moontlik, saam met die belastingstifikate wat nie uitgereik is nie, na die volgende adres teruggestuur word:

Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD)
Grand Central-gebou
DFR: Belastingafdeling Salarisondersteuning – 7^{de} Vloer
Privaatsak X9114
Kaapstad
8000

5. Werknemers moet in kennis gestel word om belastingstifikate veilig te bewaar.

6. In die geval waar 'n belastingertifikaat verlore raak en 'n duplikaat verlang word, moet 'n skriftelike versoek vir 'n duplikaatsertifikaat na die adres hierbo gestuur word.
7. 'n Fooi sal per duplikaatbelastingertifikaat wat uitgereik word, gevra word. Die WKOD Inbelsentrum kan gekontak word om die huidige fooi te bevestig. Volgens die WKOD se tariefregister is die tarief per duplikaatbelastingertifikaat **R70,00** ten tyde van die uitreiking van hierdie minuut.
8. Werknemers moet hul belastingnommer op hul sertifikaat en salarisstrokie verifieer en, in geval van 'n verkeerde belastingnommer, moet die korrekte belastingnommer saam met bewys daarvan (bv. 'n afskrif van 'n belastingopgawe of 'n brief van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID)) na die kantoor hierbo gestuur word sodat dit op PERSAL reggestel kan word.
9. Die sperdatums vir indiening van die verskillende tipes belastingopgawes word deur SARS beheer en aangekondig. Dit is in elke individuele werknemer se belang om by hierdie spertye te hou. Andersins sal SAID- strafbedrae en/of boetes opgelê word.
10. Die inhoud van hierdie minuut moet onder die aandag van alle werknemers gebring word.
11. U samewerking word hoog op prys gestel.

GETEKEN: LJ ELY

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: FINANSIES

DATUM: 2017-05-18